011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

LAERSKOOL ROODEKRANS

BELEID TEN OPSIGTE VAN GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

Beleid hersien:	**Mnr. Ian Flemming**	**Datum:** **26 September 2026**	**Handtekening:**
Gekontroleer:	**Mnr. Deon v Rensburg**	**Datum:** **26 September 2026**	**Handtekening:**
Gekontroleer / Gefinaliseer:	**Mnr. Deon Rousseau**	**Datum:** **26 September 2026**	**Handtekening:**

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

Kategorie 1 – Oortredings

Alhoewel dit nie op ‘n morele vlak val nie en nie ‘n bedreiging vir persone of eiendom inhou nie, is dit ernstig, aangesien dit teenproduktief tot die leerproses is.

a) Huiswerk: Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk nie tot: huiswerk wat onvoltooid is; take of opdragte wat nie voltooi of ingehandig word nie; versuim om voorgeskrewe werk teen die sperdatum af te handel.

b) Leerproses: Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk nie tot: die versuim om die nodige leermateriaal, handboeke, skrifte of toerusting klas toe te bring; die nie-inhandiging van skrifte, take of projekte; die versuim om toetse, eksamenvraestelle of ander skooldokumente terug te besorg; die versuim om nasorg-, hersienings- of remediëringswerk te voltooi; enige optrede wat die leer- en onderrigproses benadeel.

c) Oneerlikheid: Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk tot: die verskaffing van onwaar inligting, vals voorwendsels om verantwoordelikheid te ontduik, die voorgee dat leermateriaal vergeet is, of enige ander vorm van oneerlike gedrag.

d) Selfoongebruik: Foon/ slimhorlosie aan of sigbaar in klas/pouse en nie ingehandig by die kantoor nie. Die onoorloofde gebruik van ’n selfoon of ander elektroniese toestel gedurende skooltyd, asook die versuim om sodanige toestel volgens skoolreëls in te gee wanneer dit vereis word.

e) Oortreding van algemene skoolreëls: Onvanpaste gedrag op die skoolterrein, in klasse, tydens aantree, saalbyeenkomste of ander skoolaktiwiteite wat die ordelike verloop van die skooldag ontwrig. Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk tot: lawaai tydens wisseling of aantree; laat aanmelding by klasse, aantree, toesigklasse of skoolbyeenkomste; hardloop op stoepe, in klasse of in die saal; speel met toerusting op ’n wyse wat veiligheid of orde benadeel; oortreding van busreëls; bemorsing van die terrein; betreding van ongeoorloofde areas; eet in die saal; gebruik van saal- of personeeltoilette sonder toestemming; of enige ander gedrag wat onderrig, leer, dissipline of die ordelike verloop van skoolaktiwiteite negatief beïnvloed.

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

f) Versuim om aan die voorgeskrewe skooldrag- en voorkomsvereistes te voldoen: Insluitend die dra van onvolledige, verkeerde of onnet skooldrag, asook die versuim om aan reëls rakende hare, juweliersware, skoene en algemene persoonlike voorkoms te voldoen.

g) Onvanpaste kleedkamergebruik: Verwys na enige onhigiëniese, onordelike of onbehoorlike gedrag in die toilette wat die netheid, veiligheid of gerief van ander leerders benadeel.

h) Disrespekvolle gedrag teenoor mede-leerders/ personeel/sportbeamptes/werkers van die skool/ gaste/ ouers: Skel- en vloektaal, wys van tekens en bewegings met die liggaam en kru opmerkings.

i) Onvanpaste fisiese kontak: Verwys na enige vorm van fisieke aanraking tussen leerders wat nie by die skoolomgewing pas nie. Bv. Openlike romantiese gedrag, soos om mekaar te soen, hande vashou en drukkies met ’n romantiese of suggestiewe bedoeling.

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

Vlak 1 - Oortredings (verkort)

- Werk onvoltooid.
- Taak/opdragte onvoltooid/ nie ingehandig nie.
- Leermateriaal nie by die skool nie.
- Ontwrigtend tydens klas/ saal /op stoepe en in aantreeblok.
- Laat vir klas sonder verskoning.
- Nie in toesigklas nie.
- Oneerlik: oor huiswerk, siekte of boeke tuis.
- Swak sportmangees/onsportiewe gedrag.
- Gebruik van elektronies apparaat of versuim om selfoon in te gee.
- Voldoen nie aan korrekte kleredrag-reëls nie.
- Onvanpaste kleedkamergebruik.
- Disrespekvolle gedrag
- Onvanpaste fisiese kontak

SANKSIE (Implementering vir gr. 4 -7)	**-1 PUNT: 10 punte = week pouse detensie.** Let wel: dat daar nie 2 keer ononderbroke pouse detensie gesit word nie. Een week tussenin gegun. Dit word gerekordeer vir die opvolgende week.

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

Kategorie 2 – Oortredings

Hierdie oortredings is van ‘n meer ernstiger aard. Dit moet in gedagte gehou word dat daar wel graadverskille t.o.v. ernstigheid bestaan.

a) Gebrek aan respek vir mede-leerders se eiendom: Voorbeelde, maar nie beperk tot beskadiging van ander se eiendom; skending van leerders se privaatheid en privaat eiendom.

b) Onwelvoeglike gedrag: Voorbeelde, maar nie beperk tot: wys van onwelvoeglike tekens en bewegings met die liggaam en skel- en vloektaal, krutaal opmerkings en verbale boeliegedrag.

c) Insidente wat tot boeliegedrag kan lei:
Fisiese, verbale, sosiale of emosionele insidente tussen leerders wat die potensiaal het om tot boeliegedrag, intimidasie, viktimisasie of verdere konflik te lei.

d) Insubordinasie: Verwys na herhaaldelike en openlike of opsetlike minagting en wangedrag teenoor personeel/ sportbeamptes/ werkers van die skool/ gaste/ ouers ook dié van ander skole: bv. Aanhoudende, ernstige, onbeskofte en ontwrigtende gedrag.

e) Dobbel: Wed of speel vir geld of enige item van waarde, waar die wen of verlies deur geluk of toeval bepaal word.

f) Oneerlikheid: Afskryf of enige vorm van oneerlikheid tydens toetse en eksamens, asook die gebruik van selfone tydens toetse en eksamens. Vervalsing en verandering van dokumente. Enige vorm van oneerlike, misleidende of bedrieglike optrede wat die integriteit van die leerder, ander persone of die skool benadeel.

g) Dreigemente: Dreig met gevaarlike items/voorwerpe asook intimidasie.

h) Gebruik van gevaarike items: Die gebruik van of onsorgvuldige hantering van gevaarlike items op 'n wyse wat die veiligheid van persone of eiendom in gevaar stel. Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk tot: die skyn van 'n laserlig in iemand se oë, die gooi van klippe of ander voorwerpe, of enige soortgelyke optrede wat tot besering of skade kan lei.

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

i) Steel en beskadiging: Steel van skool- en leerdereiendom. Die wederregtelike neem, gebruik, weerhouding of toe-eiening van ’n ander persoon of skool se eiendom sonder toestemming, waar die waarde van die item beperk is en geen aanduiding van voorafbeplanning of ernstige benadeling voorkom nie. Die beskadiging, ontsiering of vernieling van skool- of privaat eiendom wat nie ernstige of uitgebreide skade veroorsaak nie.

j) Afwesigheid van klas sonder toestemming: Ongeoorloofde afwesigheid van 'n klasperiode (stokkiesdraai) sonder toestemming van die betrokke opvoeder of skoolbestuur.

k) Selfoongebruik: Herhaalde gebruik na waarskuwing; opname in klas nie ingehandig by kantoor nie. (Herhaaldelike gebruik van foon in skooltyd sonder toestemming).

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

Vlak 2 - Oortredings (verkort)

- Opsetlike beskadiging van skooleiendom, geboue en terrein.
- Steel of beskadiging van leerdereiendom.
- Skending van leerders se privaatheid sonder toestemming.
- Vervalsing en verandering van dokumente.
- Vloek, leuens en die gebruik van onwelvoeglike tekens.
- Fisiese- en verbale insidente wat tot boeliegedrag kan lei.
- Insubordinasie: opsetlike minagting en wangedrag teenoor personeel.
- Dobbel (wed) of speel vir geld of enige item van waarde.
- Afskryf/oneerlik tydens toetse en eksamens.
- Dreigemente om ander leed aan te doen.
- Gebruik van gevaarlike items/voorwerpe wat op leerders gerig word.
- Enige aksie wat die skool se naam in oneer of reputasie bring tydens alle aktiwiteite of wanneer die skool verteenwoordig word.
- Afwesigheid van ‘n klasperiode sonder toestemming.
- Herhaalde ongemagtigde gebruik van selfone of elektroniese toestelle gedurende skooltyd; versuim om toestelle in te handig.

SANKSIE: (Implementering by Gr. 4 -7)	**-2 PUNTE: -10 punte = Een week pouse detensie** Let wel dat daar nie 2 keer ononderbroke pouse detensie gesit word nie. Een week tussenin gegun. Dit word gerekordeer vir die opvolgende week.

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

Kategorie 3 – Oortredings

By Kategorie 3-oortredings word die erns van die oortreding in ag geneem. Die erns daarvan sal deur die opvoeders, dissiplinehoof en/of skoolhoof bepaal word. Alle omstandighede rondom die oortreding sal in ag geneem word om te bepaal of dit as ’n Kategorie 3- of Kategorie 4-oortreding geklassifiseer moet word.

a) Onaanvaarbare gedrag teenoor ander persone: Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk tot: minder ernstige gevalle van aanranding; die aantasting van ’n ander persoon se privaatheid (emosioneel of fisies); aggressiewe gedrag en naamskending.

b) Onwelvoeglike / onsedelike gedrag: Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk tot: vuilpraatjies; urinering op die skoolterrein; onwelvoeglike korrespondensie (boodskappe of briewe wat nie ouderdomsgepas is nie); rassistiese uitlatings; seksuele opmerkings; of die ontbloting van jouself of ’n ander persoon.

c) Oneerlikheid: Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk tot: afskryf in toetse ná ’n Kategorie 2-oortreding; of leuens vertel ná ’n Kategorie 2-oortreding.

d) Selfoongebruik: Neem of deel van foto’s of video’s van leerders of personeel sonder toestemming (in ooreenstemming met die **POPIA-wetgewing**). Dit sluit ook kuberboeliegedrag in, soos teistering, vernedering of dreigemente via selfone of aanlynplatforms.

e) Diefstal of die neem en gebruik van ander se eiendom sonder toestemming: ná ’n Kategorie 2-oortreding; of enige ernstiger vorm van diefstal wat die opsetlike ontneem van ’n persoon of die skool van waardevolle eiendom behels. Enige optrede wat dui op voorafbeplanning, medepligtigheid of die doelbewuste toe-eiening van ’n ander se eiendom.

f) Ernstige beskadiging of skending van eiendom: Die opsetlike, kwaadwillige of roekelose beskadiging, vernietiging van skool- of privaat eiendom wat aansienlike finansiële verlies, veiligheidsrisiko's of ontwrigting van die skool se normale funksionering veroorsaak. Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk tot: beskadiging van skool- of privaat eiendom; skade aan plante, busse of diere; vandalisme; of die kwaadwillige en opsetlike beskadiging van iemand anders se eiendom.

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

g) Onoorloofde afwesigheid: Die doelbewuste versuim om skool, of ’n verpligte skoolaktiwiteit by te woon sonder die toestemming van die skool of ouer/voog. Dit sluit stokkiesdraai en die ongemagtigde verlaat van die skoolterrein in.

h) Optrede wat ander persone of jouself in gevaar stel: Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk tot: die afgooi van voorwerpe vanaf hoër verdiepings; gevaarlike speletjies; of die gooi of skiet van voorwerpe binne of buite die klaskamer. Skiet van klappers.

i) In besit of onder die invloed van alkohol of onwettige middels: Die besit, gebruik, verspreiding, aankoop, verkoop, verskaffing of poging daartoe van sigarette, e-sigarette (vapes), damprooktoestelle, tabakprodukte of enige verwante rook- of nikotienprodukte, alkohol, onwettige dwelms, verbode middels of enige bedwelmende stof op die skoolterrein, tydens skoolaktiwiteite of wanneer die leerder onder die skool se toesig is.

j) Minagting van gesag**:** Voorbeelde, maar nie beperk tot: gehoorsaam nie opdragte van opvoeders en/of leiers nie.

k) Gebrek aan beheer oor temperament: Voorbeelde, maar nie beperk tot: herhaaldelike woede-uitbarstings; ander leerders en opvoeders seermaak, ongevraagde opmerkings.

l) Benadeel die goeie naam van die skool: Voorbeelde, maar nie beperk tot: wangedrag tydens uitstappies of tydens sportbyeenkomste; verspreiding van f opnuus, haatspraak op sosiale media.

m) Oneerlikheid/Plagiaat: Voorbeelde, maar nie beperk tot: afskryf van skoolwerk en toetse; leuens vertel na toekenning van kategorie 2 versuim.

n) Boeliegedrag: Boeliegedrag word omskryf as herhalende, doelbewuste gedrag wat daarop gemik is om ’n ander persoon fisies, emosioneel, sosiaal of digitaal te benadeel, te intimideer, te verneder of te manipuleer. Dit behels gewoonlik ’n wanbalans van mag, waar die oortreder fisiese krag, sosiale invloed, status of emosionele beheer gebruik om ’n ander persoon te benadeel. Gedrag wat ’n leerder se menswaardigheid, veiligheid, welstand of selfbeeld aantas. Boeliegedrag is dus nie net ’n “stout grap” of ’n eenmalige konflik nie, maar ’n patroon van intimidasie en mishandeling wat ’n persoon se welstand en selfbeeld ernstig kan beïnvloed.

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

Voorbeelde, maar nie beperk tot: aanhou met onaanvaarbare en onaangename gedrag wanneer leerders aangespreek is om op te hou; afknouery wat aanhoudend plaasvind; aanhoudende onverdraagsaamheid en minagting toon teenoor leerders wat as anders of vreemd beskou word, insluitende geslag, ras, kultuur en geloof; gereeld ander kinders spot of tart; aggressiewe en wrede speletjies speel; diere seermaak.

Selfs ná ’n Kategorie 2-oortreding; aanhoudende spot of terg van ander leerders; deurlopende aggressiewe of wrede speletjies (fisies of emosioneel); die aanhoudende seermaak van diere; of teistering, insluitend emosionele, fisiese of kuberboeliegedrag.

(Nota: Weens die ernstige aard van kuberboeliegedrag moet die Laerskool Roodekrans Boelie- en Kuberboeliebeleid saam met hierdie bepaling gelees en toegepas word.)

<u>Kenmerke van boeliegedrag sluit in:</u>

- Herhalende of aanhoudende optrede oor ’n tydperk.
- Die opset om skade, vrees, vernedering of emosionele leed te veroorsaak.
- Die misbruik van mag, invloed of groepsdruk.
- Fisiese boeliegedrag: anranding, slaan, stamp, stoot, skop of enige ander vorm van fisiese aggressie.
- Afknouery, intimidasie en viktimisasie.
- Aggressiewe of wrede speletjies wat fisiese of emosionele skade veroorsaak.
- Die beskadiging, wegneem of weerhouding van ’n leerder se besittings.
- Spot, tart, skel, vloek of afbrekende opmerkings.
- Dreigemente, beledigings of vernederende taalgebruik.
- Herhalende terging of teistering nadat die leerder aangespreek is om daarmee op te hou.
- Die doelbewuste uitsluiting van ’n leerder uit groepe of aktiwiteite.
- Die verspreiding van gerugte, skinderstories of vals inligting.
- Onverdraagsaamheid, diskriminasie of minagting teenoor leerders wat as anders beskou word, insluitend op grond van geslag, ras, kultuur, geloof, taal, voorkoms of enige ander persoonlike eienskap.
- Gedrag wat daarop gemik is om ’n leerder se reputasie, menswaardigheid of selfbeeld te benadeel.

- Beledigende, dreigende of vernederende boodskappe.
- Die verspreiding van foto's, video's of inligting met die doel om iemand te verneder, te teister of skade te berokken.
- Teistering deur sosiale media, elektroniese platforms of ander digitale kommunikasiekanale.
- Seksuele teistering of enige ongewenste gedrag van ’n seksuele aard.
- Aanhoudende onaanvaarbare gedrag nadat waarskuwings of dissiplinêre stappe reeds toegepas is.
- Die opsetlike seermaak of mishandeling van diere.

Vlak 3 - Oortredings (verkort)

- Besit van gevaarlike voorwerpe (wapens) of bring enige voorwerp met die doel om iemand leed aan te doen.
- Besit, gebruik, verspreiding of onder die invloed van alkohol, onwettige middels of bedwelmende stowwe. Die gebruik van, of besit van sigarette, e-sigarette (vapes), damprooktoestelle.
- Onoorloofde afwesigheid van die skool, skoolaktiwiteite of die verlaat van die skoolterrein sonder toestemming.
- Deelname aan onwettige optogte of protesaksie op skoolgronde.
- Opsetlike optrede wat die skool se naam in oneer bring of ordelike dissipline kan beïnvloed.
- Optrede wat ander leerders se reg tot opvoeding van hulle ontneem asook onderwysers se plig om te onderrig beïnvloed.
- Verbale en fisiese intimidasie, viktimisering en dreigemente - Die dreig of intimideer van ’n ander persoon deur woorde, optrede of gebare.
- Baklei, aanranding met die doel om ernstig te beseer of 'n poging tot aanranding.
- Beskadiging van ander se eiendom op skoolterrein of buiteskool verband bv. op toere en kampe.
- Die neem, verspreiding of deel van foto's, video's of elektroniese inhoud sonder toestemming, insluitend kuberboelie.
- Diefstal, wederregtelike toe-eiening van eiendom, of besit van gesteelde eiendom.

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

- Herhaaldelike aggressiewe gedrag, woede-uitbarstings of optrede wat ander se veiligheid in gevaar stel.
- Minagting van gesag, insubordinasie of die opsetlike versuim om redelike opdragte van personeel na te kom.
- Herhaalde oortredings van vlak 2 x 2 misdrywe

SANKSIE: (Implementering by Gr. 4 -7)	**-5 PUNTE: -10 = Een week pouse detensie Korrektiewe gesprek met ouers en dissiplinêre komitee. Uitspraak oor straf hangende ondersoek.**

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

Kategorie 4 – Oortredings

'n Kategorie 4-oortreding is van 'n uiters ernstige aard en behels gedrag wat die veiligheid, waardigheid, regte of welstand van ander persone ernstig benadeel, die goeie naam van die skool skade berokken, of 'n wesenlike bedreiging vir die ordelike funksionering van die skool inhou. Hierdie oortredings kan tot skorsing, 'n formele dissiplinêre verhoor, of verdere regsoptrede lei. 'n Kategorie 4 oortreding is van 'n baie ernstiger aard as die kategorie 3 oortreding. By 'n kategorie 4 oortreding word die erns van die oortreding in ag geneem en die erns daarvan sal deur die dissiplinêre komitee en opvoeders bepaal word of dit 'n kategorie 3 of 4 oortreding is.

a) Onaanvaarbare gedrag van 'n meer ernstige aard:
Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk nie tot, ernstige aanranding of poging tot aanranding; die ernstige aantasting van 'n ander persoon se fisiese of emosionele privaatheid; aanhoudende aggressiewe, intimiderende of dreigende gedrag. Betrokkenheid by satanistiese of soortgelyke praktyke wat met die skool se waardes bots. Hierdie oortredings sluit ook soortgelyke gedrag in wat voortduur of herhaal word ná 'n Kategorie 3-oortreding en 'n interne dissiplinêre verhoor.

b) Onwelvoeglike/Onsedelike gedrag:
Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk nie tot, die besit, gebruik, vertoon of verspreiding van pornografiese of erotiese materiaal; seksueel eksplisiete gesprekke, boodskappe of korrespondensie. Enige vorm van ongewensde betasting; seksuele teistering; of enige ander vorm van seksuele wangedrag.

c) Immorele selfoongebruik:
Seksuele inhoud, verspreiding of besit van kinderseksuele mishandelingsmateriaal; wraakpornografie; dreigemente/intimidasie met digitale middele. Vals profiele, doelbewuste privaatheidskending, of deurlopende kuberboelie ondanks vorige stappe.

d) Verbode middelgebruik: Die besit, gebruik of verspreiding van alkohol, onwettige middels, sintetiese dwelms, tabakprodukte, sigarette, e-sigarette (vapes), damprooktoestelle, aanstekers of verwante produkte.

e) Oneerlikheid:
Voorbeelde, maar nie beperk tot: Herhaaldelike akademiese bedrog tydens toetse, eksamens of assesserings. Die herhaaldelike vervalsing, wysiging of vernietiging van dokumente. Herhaaldelike vals identifisering, vals verklarings of bedrieglike optrede; ná toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor.

f) Diefstal/neem en gebruik van ander se eiendom sonder toestemming:
Ernstige diefstal van skool-, personeel- of leerdereiendom wat aansienlike finansiële verlies of veiligheidsrisiko's veroorsaak. Diefstal wat voorafbeplanning, medepligtigheid of bedrog behels. Die besit, verkoop of verspreiding van gesteelde eiendom. Herhaalde beskadiging van eiendom ná vorige dissiplinêre optrede.

g) Vandalisme: Opsetlike beskadiging of vandalisme van skool- of privaat eiendom. Die beskadiging van geboue, voertuie, plante, toerusting of diere. Herhaalde beskadiging van eiendom ná vorige dissiplinêre optrede.

h) Optrede/Aksies wat ander persone en/ self in gevaar stel:
Voorbeelde, maar nie beperk tot: Herhaaldelike afgooi van voorwerpe vanaf geboue of verhoogde areas. Die gooi, skiet of gebruik van voorwerpe op ’n gevaarlike wyse. Gevaarlike speletjies of roekelose gedrag. Die besit, dreig met of gebruik van wapens of gevaarlike voorwerpe. Enige optrede wat ernstige besering aan jouself of ander kan veroorsaak na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor.

i) Onoorloofde afwesigheid of verlaat skoolterrein sonder toestemming:
Voorbeelde, maar nie beperk tot: Die klim oor heinings of versperrings, doelbewuste stokkiesdraai; herhaaldelike versuim om klasse by te woon; ongeoorloofde afwesigheid van klasse.

j) Boeliegedrag:
Voorbeelde, maar nie beperk tot: Aanhoudende onverdraagsaamheid en minagting toon teenoor leerders wat as anders of vreemd beskou word, insluitende geslag, ras, kultuur en geloof. Deurlopend ander kinders spot/tart; deurlopende aggressiewe en wrede speletjies speel, (fisies en emosioneel); aanhoudend diere seermaak.Teistering, insluitende emosioneel, fisies en kuberteistering Enige vorm van seksuele teistering. (Vanweë die ernstige aard moet Laerskool Roodekrans se boelie-/kuberboelie beleid saamgelees word.)

k) Verkragting, molestering en moord:
Enige beweerde voorval van verkragting, seksuele molestering, moord of poging daartoe sal onmiddellik aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPS) gerapporteer word. Die leerder kan, ingevolge toepaslike wetgewing en die skool se dissiplinêre prosedures, voorlopig geskors word hangende die afhandeling van ’n formele dissiplinêre proses en/of die uitslag van ’n strafregtelike ondersoek.

SANKSIE: (Implementering by Gr. 4 -7)	**-10 punte = Direkte dissiplinêre verhoor met ouers en dissiplinêre komitee. Direkte detensie tensy anders besluit deur komitee.**

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

Vlak 4 - Oortredings (verkort)

- Gebruik van wapens wat tot beserings lei.
- Besit en gebruik van dwelms, alkohol, of ander verbode middele.
- Vergiftiging of poging daartoe van ’n ander persoon.
- Diefstal van skooleiendom en leerder/personeel eiendom.
- Kwaadwillige vandalisme van skooleiendom en personeel asook leerders.
- Verkragting, poging tot verkragting asook onsedelike aanranding.
- Fisiese aanranding wat lei tot ernstige beserings.
- Inisiëring of aksie wat kan lei tot stakings en optogte.
- Rassisme: opmerkings/beledigings of diskriminerende optrede.
- Onsinvolle of ongegronde dreigemente wat massahisterie veroorsaak. bv. bom-dreigemente.
- Enige ander daad wat volgens wet vervolg kan word.
- Besit, versprei, kopieer, wys en gebruik pornografie, enige seksuele beeldmateriaal of vals profiele op digitale platforms.
- Dreigemente via digitale platforms.

SANKSIE: (Implementering by Gr. 4 -7)	**Direkte dissiplinêre verhoor met ouers en dissiplinêre komitee. Direkte detensie/ alternatiewe straf (skorsing) tensy anders besluit deur komitee.**

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

OPTREDE WAT KAN LEI TOT ONMIDDELLIKE TYDELIKE SUSPENSIE, MAAR NIE BEPERK TOT DIE VOLGENDE:

ERNSTIGE WANGEDRAG (HIER BEGIN 03/25)

Ernstige wangedrag verwys na gedrag wat 'n wesenlike bedreiging inhou vir die veiligheid, welstand, dissipline en goeie orde van die skool.

Ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet kan sodanige gedrag lei tot **suspensie deur die skoolbeheerliggaam** en/of 'n **formeel dissiplinêre verhoor**, wat moontlik **permanente uitsluiting (uitsetting)** kan insluit, onderhewig aan die goedkeuring van die Provinsiale Onderwysdepartement.

Voorbeelde van ernstige wangedrag sluit in, maar is nie beperk tot:

- Enige optrede wat die fisiese of emosionele veiligheid van leerders, personeel of besoekers bedreig.
- **Kriminele gedrag**, insluitend maar nie beperk tot:
  - Diefstal
  - Aanranding
  - Intimidasie of dreigemente
- **Opsetlike beskadiging** of vernietiging van skool- of privaat eiendom (vandalisme).
- **Ernstige disrespek**, insluitend:
  - Beledigende of dreigende taal
  - Verbale of fisiese teistering
- **Opsetlike ongehoorsaamheid** of opsetlike weiering om redelike opdragte van 'n personeellid of gesagsfiguur uit te voer.
- **Diskriminasie, rassisme of haatspraak** van enige aard.
- **Seksuele wangedrag**, insluitend:
  - Seksuele teistering
  - Onvanpaste aanraking of gedrag
  - Seksuele aanranding

- **Besit, gebruik of verspreiding van onwettige middels**, insluitend:
  - Dwelms
  - Alkohol

- **Besit of gebruik van gevaarlike wapens of voorwerpe**, insluitend enige item wat gebruik kan word om skade aan te rig.

- **Herhaalde oortreding van skoolreëls** nadat dissiplinêre stappe reeds geneem is.

- Enige **onwettige optrede** op die skoolterrein of tydens skoolverwante aktiwiteite.

NOTA:

Die skool behou die reg voor om, in ooreenstemming met toepaslike wetgewing, insluitend die Suid-Afrikaanse Skolewet, en met behoorlike oorweging van die feite en meriete van elke geval, enige gedrag wat die veiligheid, welstand, dissipline of goeie orde van die skool wesenlik benadeel, as ernstige wangedrag te klassifiseer.

DISSIPLINÊRE PROSES NA KLASSIFIKASIE VAN OORTREDINGS:

Sodra ’n oortreding volgens die skool se gedragsvlakke geklassifiseer is, sal die volgende dissiplinêre proses gevolg word:

VLAK 1: LIGTE OORTREDINGS

Dissiplinêre optrede:

- Mondelinge waarskuwing
- Geskrewe inskrywing op d6-platform.
- Ouer/voog word ingelig indien gedrag herhaal.
- Korrektiewe optrede (bv. inskrywing van oortreding wat lei tot detensie

Praktiese voorbeelde:

- Herhaaldelike praat in klas ondanks waarskuwings
- Onvoltooide huiswerk
- Ontwrigtende gedrag tydens lesse

VLAK 2: HERHAALDE OF MEER ERNSTIGE OORTREDINGS

Dissiplinêre optrede:

- Geskrewe inskrywing en korrektiewe optrede. (bv. inskrywing van oortreding wat lei tot detensie, herstel van skade, gedragskontrak)
- Ouer/voog word skriftelik op d6 met brief gekontak.
- Korrektiewe gesprek met leerder en ouer/voog.
- Intervensies (bv. gedragsplan, ondersteuning deur SBST)

Belangrik (Wetlik):
Suspensie word nie tipies vir Vlak 2 gebruik nie, tensy die gedrag reeds as ernstige wangedrag geklassifiseer word.

Praktiese voorbeelde:

- Herhaalde ongehoorsaamheid
- Aanhoudende ontwrigting van klas
- Kleinskaalse boeliegedrag wat voortduur

VLAK 3: ERNSTIGE WANGEDRAG

Dissiplinêre optrede:

- Ouer/voog word onmiddellik gekontak.
- Die leerder kan voorgestel word vir suspensie (maksimum 7 skooldae) deur die Skoolbeheerliggaam (SBL), soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Skolewet.
- Formele ondersoek en voorbereiding vir dissiplinêre verhoor.
- Korrektiewe gesprek met ouer/voog en leerder.

Praktiese voorbeelde:

- Fisiese bakleiery
- Ernstige intimidasie of dreigemente
- Vandalisme

VLAK 4: BAIE ERNSTIGE / KRIMINELE OORTREDINGS

Dissiplinêre optrede:

- Onmiddellike aanbeveling vir suspensie (tot 7 skooldae deur SBL).
- Ouer/voog word onmiddellik skriftelik en telefonies in kennis gestel.
- Formele dissiplinêre verhoor deur die Skoolbeheerliggaam.
- Moontlike aanbeveling vir uitsetting aan die Departement.
- Indien van toepassing, kan die saak by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPS) aangemeld word

Praktiese voorbeelde:

- Besit van ’n wapen.
- Dwelms of alkohol op terrein.
- Seksuele aanranding.
- Ernstige aanranding.

ADMINISTRASIE VAN DISSIPLINÊRE OORTREDINGS

Die skool moet ’n volledige, akkurate en opdateerbare rekord van alle dissiplinêre voorvalle hou.

Elke inskrywing moet die volgende bevat:

- Datum en tyd van die voorval.
- Plek waar die voorval plaasgevind het.
- Name van betrokke persone en getuies.
- ’n Duidelike, objektiewe beskrywing van die voorval.
- Die dissiplinêre stappe wat geneem is.
- Naam en handtekening van die rapporteerder.

PERSONE VERANTWOORDELIK VIR DIE ADMINISTRASIE VAN OORTREDINGS

Vlak 1 en 2: Ligte tot matige oortredings

Die betrokke opvoeder of personeellid by wie die oortreding plaasvind, hanteer die aangeleentheid in ooreenstemming met die skool se dissiplinêre prosedure op d6-platform.

Die proses geskied in oorleg met die Departementshoof, en waar nodig, met die Adjunkhoof of Skoolhoof.

Die fokus op hierdie vlak is korrektiewe optrede en gedragsontwikkeling.

Vlak 3 en 4: Ernstige wangedrag

Die personeellid wat die oortreding waarneem of ontvang, moet dit onmiddellik aanmeld by die Departementshoof.

Die Departementshoof verwys die aangeleentheid sonder versuim na die Adjunkhoof, wat verantwoordelik is vir:

- die koördinering van die dissiplinêre proses.
- die insameling van verklarings en bewyse.
- die kommunikasie met ouers/voogde.

Die Skoolhoof hou toesig oor die proses en verseker dat alle optrede in ooreenstemming met toepaslike wetgewing geskied.

Rol van die Skoolbeheerliggaam (SBL)

By Vlak 3 en veral Vlak 4-oortredings:

- kan die **Skoolbeheerliggaam (SBL)** betrek word vir:
    - formele dissiplinêre verhore.
    - besluite oor skorsing (tot maksimum 7 skooldae).
    - aanbevelings rakende moontlike uitsetting.

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

PROSES VIR AANMELDING VAN OORTREDINGS BUITE KLASVERBAND

Enige oortreding wat buite die klaskamer plaasvind (bv. op die terrein, tydens pouse, sport of skoolaktiwiteite), moet formeel aangemeld en hanteer word volgens die volgende prosedure:

1. Aanmelding van die oortreding

Die betrokke **personeellid** moet:

- die leerder aanmeld met ’n skriftelike insident inskrywing op d6.
- verseker dat die verslag die volgende insluit:
  - aard en beskrywing van die oortreding.
  - datum, tyd en plek van die voorval.
  - name van betrokke persone en getuies.
  - stappe wat reeds geneem is (bv. waarskuwing, gesprekke met leerder/ouer).

2. Aanvanklike hantering

Die **Departementshoof (DH)**:

- evalueer die voorval.
- bepaal die toepaslike dissiplinêre vlak.
- implementeer aanvanklike korrektiewe optrede.

3. Eskalasie na adjunkhoof

Indien:

- die gedrag voortduur, of
- die oortreding ernstiger van aard is word die saak na die **Adjunkhoof** verwys.

Die Adjunkhoof:

- koördineer verdere ondersoek.
- implementeer toepaslike intervensies.
- kommunikeer met ouers/voogde.

4. Verwysing na skoolhoof

Indien die aangeleentheid nie opgelos word nie, of indien dit ’n **ernstige oortreding** behels, word die saak na die **Skoolhoof** verwys vir verdere hantering en besluitneming.

5. Betrokkenheid van ouers en SBL

Waar nodig:

- kan ’n **formele vergadering** gereël word tussen:
  - ouers/voogde
  - skoolbestuur
  - en, indien toepaslik, verteenwoordigers van die **Skoolbeheerliggaam (SBL)**

6. Ondersteuning en intervensie

Op enige stadium kan die **SBST (School-Based Support Team)**:

- betrek word vir ondersteuning
- intervensies voorstel
- of verwysings na eksterne hulpbronne fasiliteer

7. Formele dissiplinêre proses

Indien daar geen volhoubare verbetering in gedrag plaasvind nie, of indien die oortreding dit regverdig:

- word die saak na ’n **formele dissiplinêre verhoor** verwys
- die verhoor geskied volgens die skool se dissiplinêre prosedures
- en word aan die **Skoolbeheerliggaam (SBL)** voorgelê vir finale besluitneming

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

VLOEIDIAGRAM: OORTREDINGS BUITE KLASVERBAND

STAP	AKSIE	VERANTWOORDELIKE PERSOON
1	Oortreding vind plaas	
2	Skriftelike inskrywing op d6/verslag word opgestel	Personeellid
3	Oortreding word geëvalueer en vlak bepaal	Departementshoof (DH)
4	Korrektiewe optrede word toegepas	DH
5	Herhaaldelike strafbare detensie word ondersoek	DH
6	Saak word verwys na Adjunkhoof of SBST intervensie.	DH
7	Ondersoek en intervensies vir ondersteuning	Adjunkhoof
8	Verdere eskalasie in gedrag	Adjunkhoof
9	Saak word verwys na Skoolhoof	Adjunkhoof
10	Besluitneming en verdere hantering	Skoolhoof
11	Indien nodig: Ouervergadering en SBL betrokkenheid	Skoolbestuur / SBL
12	Geen verbetering / ernstige geval	Skoolbestuur / SBL
13	Formele dissiplinêre verhoor	Skoolbeheerliggaam (SBL)
14	Finale uitkoms	SBL / Departement

DISSIPLINÊRE INTERVENSIE

Ten einde ’n positiewe dissiplinebenadering te bevorder en gedragsprobleme vroegtydig aan te spreek, kan die skool die onderstaande intervensies toepas, benewens roetine dissiplinêre maatreëls soos elders in hierdie beleid uiteengesit.

Hierdie intervensies is daarop gemik om:

- gedragsverbetering te ondersteun.
- verdere eskalasie te voorkom.
- en die beste belang van die leerder sowel as die skoolgemeenskap te dien.

011 764 2920
www.roodekrans.net
E-pos: hoof@roodekranslaer.co.za
H/v Wilde Amandellaan & Gardeniastraat, Roodekrans

Alle dissiplinêre optrede moet:

- billik, konsekwent en proporsioneel wees.
- die leerder se waardigheid respekteer.
- en in ooreenstemming wees met toepaslike wetgewing.

Geen vorm van lyfstraf of vernederende straf sal toegelaat word nie.

MOONTLIKE INTERVENSIES EN MAATREËLS

1. Korrektiewe maatreëls en ontwikkelingsgerigte intervensies

- Verbale waarskuwing.
- Geskrewe inskrywing van oortredinge/ insidente: Alle disiplinêre punte word op die D6-platform aangeteken.
- -10 PUNTE = EEN WEEK POUSEDETENSIE
- Wanneer ’n leerder 10 negatiewe punte bereik, sal die leerder en ouer/voog skriftelik daarvan in kennis gestel word deur middel van ’n detensiebrief.
- Pousedetensie duur vir een week en word gedurende elke pouse in die aangewese detensielokaal uitgedien. Leerders moet hul eie kospakkie saambring en mag nie gedurende detensie die snoepie besoek nie. Voedsel mag slegs voor skool vooraf bestel word indien die skool se reëlings dit toelaat.
- Leerders sal toegelaat word om die badkamer tydens detensie te besoek, met toestemming. Geen speletjies, ontspanningsaktiwiteite of ander afleidende gedrag sal gedurende detensie toegelaat word nie. Alle detensies vind onder toesig van ’n aangewese personeellid plaas.
- Korrektiewe gesprek met leerder en/of ouer/voog.
- Gedragskontrak of gedragsmonitering.
- Bywoning van ’n lewensvaardigheids- of gedragsontwikkelingsprogram.
- Verwysing na die SBST of ander ondersteuningsdienste (bv. berading).
- **Let wel:** Leerders sal nie twee opeenvolgende weke pousedetensie uitdien nie. Indien ’n leerder tydens of ná ’n detensieperiode weer die vereiste aantal negatiewe punte bereik, sal die volgende detensie eers na verloop van minstens een week geskeduleer word. Die punte en opvolgende detensie word steeds aangeteken en toegepas volgens die dissiplinêre beleid.

2. <u>Beheer en beperking van gedrag</u>

- Tydelike verwydering uit die klas (onder toesig).
- Tydelike afsondering/isolering onder volwasse toesig.
- Ontneming of beperking van sekere skoolvoorregte (bv. sport, kultuur of skoolaktiwiteite).

Let wel: Enige vorm van afsondering moet:

- redelik en tydelik wees.
- onder toesig geskied.
- en nie as straf op ’n vernederende wyse toegepas word nie.

3. <u>Restoratiewe en herstellende maatreëls</u>

- Herstel van skade (waar toepaslik).
- Bemiddeling of konflikhantering tussen partye.

4. <u>Administratiewe en dissiplinêre maatreëls</u>

- Onttrekking van toekennings of nie-toekenning van meriete.
- Tydelike/ permanente opskorting van leierskapsrolle of verantwoordelikhede.
- Verpligting om herstel- of vervangingskoste te betaal waar eiendom beskadig is.
- Tydelike opskorting of ontneming van deelname aan sport, kultuur, kompetisies, toere, uitstappies en ander skoolaktiwiteite of -voorregte.

5. <u>Formele dissiplinêre optrede</u>

- Korrektiewe dissiplinêre verhoor (interne proses).
- Formele dissiplinêre verhoor deur die Skoolbeheerliggaam (SBL).
- Tydelike suspensie deur die SBL **(tot maksimum 7 skooldae)** hangende ’n verhoor, soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Skolewet.
- Moontlike aanbeveling vir uitsetting aan die Departement.